


Ons het laasweek gesien hoe alles in God se koninkryk stukkend word met Adam en Eva wat verkeerde keuses gemaak het. Hierdie week sien ons wat God van sy kant af doen.

Die verskillende dele van die hele storie



God is goed! En Hy bly goed. Kyk wat doen Hy:

- Hy gee vir die mens klere (Gen 3:7, 3:21)
- Hy belowe dat Hy die slang sal vermorsel (Gen 3:15, Rom 16:20)
- Hy soek na die mens (Gen. 3:9)
- Hy verbied hulle die tuin (Gen. 3:22-23) – hulle sal nou nie van die boom van die ewige lewe kan eet en dan vir ewig so stukkend bly nie.

In Genesis 3-11 lees ons van Noag - 'n nuwe begin, God sal beskerm Gen 6:8, Gen 9:2, 9:6 - net soos met Adam en Eva! In Gen 9:15 sluit God 'n verbond met Noag, met die reënboog as teken.

Maar die mens hou aan om teen God te kies soos ons sien met die toring van Babel. God skep kultuur, taal en diversiteit uit genade sodat die mens versprei kan word oor die aarde en Hy hulle nie weer hoef te vernietig soos met Noag nie.

In Genesis 12:1-9 en Genesis 17:1-8 sien ons die volgende:

- God beloof dat hy uit Abraham 'n voorbeeld-nasie gaan begin begin 'n voorbeeld-nasie met Abraham.
- God beloof dat hy 'n voorbeeld-koninkryk of land vir hierdie voorbeeld-nasie gaan gee
- God beloof dat Hy hulle gaan seën sodat hulle ander nasies kan seën – dat hulle vir ander kan vertel van God deur hulle woorde en hulle dade
- God maak 'n belofte = kontrak. Ons noem dit 'n verbond.
- Die Koninkryk kontrak sê: wees deel van die koninkryk deur geloof en gehoorsaamheid. Dus is die fokus op wat God doen - nie op wat die mens moet doen nie.

Abraham en Sarah moes lank wag voor God sy belofte nagekom het. Hulle moes glo en gehoorsaam wees, soos die verbond sê. Toe hulle al baie oud was, is Isak, hul seun, gebore. Knip die bolyf en arms uit aan die lang strook. Sny op die *Sarah en baba Isak* blad Sarah te skouers en die onderkan van haar hare oop en druk die uitgeknipte deel daardeur. Maak dit vas met 'n split pen. Nou kan Sarah haar baba wieg!

Sarah en baba Isak



Die Here het aan Sara gedink en Hy het vir haar gedoen wat Hy belowe het. Sara het swanger geword en sy het vir Abraham 'n seun gekry toe hy al oud was. Sy het die seun gekry op die tyd wat God gesê het dit sal gebeur. Abraham het sy seun Isak genoem, die seun wat hy en Sara gekry het.

Genesis 21:1-3

